

## Sing vooraf staande: Psalm 91:1 (p. 460)

- 1 Wie toevlug neem in veil'ge hut / en skuil by die Alhoë,  
hy word beskadu en beskut / deur God se alvermoë.  
O HEER, my Rots, op wie ek bou, / by U is't my die beste;  
my toevlug waar ek stil vertrou, / in nood my veil'ge veste.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 89:1 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;  
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;  
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

## Geloofsbelydenis: Nicea

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met  
Ps. 40:4 (p. 205).*

Wet

## Psalm 40:4 (p. 205)

- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –  
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.  
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;  
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Gebed

## Psalm 146: 8 (p. 701)

- 8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,  
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die HEER.  
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die HEER!

Skriflesing: 2 Johannes 1

Teks: 2 Johannes 1:8

**Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het  
nie, maar 'n volle loon ontvang.** (2 Johannes 1:8 AFR53)

'n Kerk skryf 'n brief aan 'n ander kerk. Dit is 'n brief wat getuig van liefde en respek omdat  
die een kerk getuig dat hulle sien dat die ander kerk se lidmate hulle onderskei van die  
ongelowiges. Hulle word bemoedig om in die geboorte van die Here te wandel.

Die apostel Johannes skryf die brief. Hy noem homself met 'n besondere naam: *oudste* of  
*ou man*.

- Die woord beteken ook *ouderling*.
- Johannes was in hierdie stadium inderdaad al 'n ou man, maar hy was nie presies  
'n ouderling nie. Hy was 'n apostel.

Waarom gebruik hy dan die woord *ouderling* of *oudste* om homself mee te benoem?

- Om daarmee sy eenheid met sy gemeente aan te toon.
- Hy sien homself in die eenheid van die geloof as deel van die gemeente –  
waarskynlik die gemeente van Efese.

Ons gee in hierdie preek aan die volgende twee sake aandag:

### 1. Die lewe van die uitverkore vrou

### 2. Verootmoediging teenoor die andersheid van die wêreld

#### 1. Die lewe van die uitverkore vrou

Die brief word geskryf aan iemand baie spesiaals – 'n uitverkore vrou.

- Dit klink in Afrikaans so maklik om dit te sê, maar die woord wat ons met *vrou* vertaal, beteken nie regtig *vrou* nie.
- Dit is 'n vroulike vorm van die Here se Naam. Die Here word in die Nuwe Testament *Kurios* genoem, en hierdie vrou word *Kuria* genoem.

Later, toe Johannes die Openbaringboek geskryf het, het hy nogal baie na hierdie vrou verwys. Luister na die volgende aanhaling:

**Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.** (Openbaring 19:7-9 AFR53)

In Openbaring 21 word die Nuwe Jerusalem die bruid van die Here genoem – dan word daar nie net na die stad se mure en poorte verwys nie.

- Daar word veral verwys na die mense daarin en dat God by hulle sal woon en dat hulle sy volk sal wees (21:3, 4.).
- Die bedoeling is so duidelik dat die vrou van wie Johannes elke keer praat as hy praat van *die vrou van die Here* of van die *bruid van die Bruidegom* of van die *uitverkore vrou*, in werklikheid die kerk van die Here is.

Die naam wat Johannes vir die vrou gee in 2 Johannes vers 1 is baie belangrik:

- Dit is 'n vroulike weergawe van die Here se naam **Kurios**. *Kurios* beteken iets soos **die Heerser en Oorwinnaar in sy majesteit**.
- Die vroulike vorm van die woord, soos wat dit in 2 Johannes staan, dui die kerk aan as die Bruid van die Here wat heerseres is oor die wêreld en die sonde.
- Die naam dui verder aan dat sy dit nie uit haarself is nie, maar dat sy dit is kragtens haar verbintenis met God.

Die besondere naam is bedoel om die gemeente te herinner aan haar hoë adel en haar hoë roeping.

- Die naam is nog meer belangrik omdat dit profeties wys na die wederkoms toe,
- en na die lewe wat daar op die kerk van die Here wag in die hiernamaals.

Uit die brief van Johannes aan die betrokke gemeente (uitverkore vrou) is dit duidelik dat die persoon wat die brief skryf, dit ervaar dat hierdie besondere gemeente in staat is om voluit te lewe in die genade en liefde van die Here:

**Ek was baie bly dat ek van u kinders gevind het wat in die waarheid wandel, soos ons 'n gebod van die Vader ontvang het.** (2 Johannes 1:4 AFR53)

Hierdie vers verwys na elke gelowige afsonderlik.

- In die strate van die dorpie waar Johannes van die lidmate raakgehoop het, was daar iets aan hulle wat hulle dadelik en uitkenbaar anders gemaak het as die heidene wat saam met hulle gewoon het.
  - In die ware gelowiges lewe daar 'n innerlike gesteldheid wat die krag van God is.
  - Hulle lewe elke dag met hierdie geloof en uit die ware geloof.

Daarom ontvang hierdie kerk van die Here so 'n uitgebreide seën oor hulle: **genade, barmhartigheid en vrede ...**

- Genade is die guns van God.
- Barmhartigheid is die bewoënheid waarmee die Here ons uit ons ellendes uithelp.
- Vrede is welvaart wat berus op die salige gemeenskap wat die gelowige met God onderhou.

Jy kan die vrede van God eers ken nadat jy die God van vrede leer ken het.

- Dit is presies waar die probleem vir die moderne tyd se kerke ontstaan het.
- Al die dinge wat aangeprys word by hierdie kerk van die Here aan wie die brief geskryf word, ontbreek by die grootste gedeelte van die wêreld se inwoners.
- Daarom bid ons so baie dat wreedheid, geweld en haat tog asseblief aan bande gelê moet word en, as dit moontlik is, dat dit tog tot 'n einde kan kom.

## **2. Verootmoediging teenoor die andersheid van die wêreld**

Dit sal nie help om tekere te gaan oor die sondes van al die ander mense van ons land nie, want die grootste gros van die mense wat die Here nie as God wil erken en bely nie, en daarom dinge doen wat teen die wil van die Here is, is nie vandag iewers in 'n erediens nie.

- Tog neem dit nie die feit weg dat ons eerlik belydenis moet doen dat al die verkeerde dinge, soos onder andere Sondagsport, Sondaghandel, geweld en haat wat rondom ons gebeur, sonde is nie.
- Ons opregte belydenis as 'n gemeente is ook vandag dat ons weet en ervaar dat daar baie verkeerde dinge in ons land gebeur wat vir die Here uiters aanstootlik is.

Maar dan moet ons gemeente se belydenis verder gaan as dit.

- Ons moet met woord en daad bely dat ons die Here waarlik ken.
- Ons moet voor die Here bely dat ons in hierdie ware geloof eerlik sal volhard – ons wil Hom dien, dag en nag, en wanneer Hy kom, sal Hy ons vind waar ons Hom steeds getrou aanbid.

Wat het die heidene nie gehad nie, wat die gemeentelêde vir wie die brief geskryf is, wel gehad het?

- Hulle het nie die waarheid om God lief te hê en te dien, leer ken nie (v. 1).
- Hulle het niks van die ewige saligheid en waarheid wat in hulle bly en wat ewig by hulle is nie (v. 2.).
- En hulle lewens getuig daarvan.

Daarom word hierdie uitverkore vrou en haar kinders gewaarsku dat hulle moet lewe volgens al God se gebooie. Hulle moet anders wees en anders bly as die wêreld en sy mense.

- Daar is verleiers in die wêreld. Die woord wat in Grieks gebruik word beteken letterlik **dwaalsterre** – mense wat die valse lig versprei.
- Dieselfde woord word net daarna gebruik om te sê wie en wat die antichris is: 'n *verdwaalster, of 'n verdwaalgees wat die Here Jesus Christus teëstaan.*

Die Here onderstreep hier weer die feit wat op ander plekke in die openbaring van die Here ook voorkom, naamlik dat die dwaalleraars Jesus Christus nie reg verkondig nie:

- Hulle verkondig Jesus nie soos wat God Hom geopenbaar het, en soos wat Hy werklik was toe Hy op die aarde was nie.
- Hulle ontken dat Jesus liggaamlik op die aarde was. Hier het ons te doen met die doodgewone heidendom.

Maar u moet dit nie losmaak van die voorafgaande verse nie.

- Wat gebeur met mense wat nie in Jesus Christus glo nie, of wat nie op die regte manier in Hom glo nie?
- Hulle verval in ongehoorsaamheid en in 'n onvermoë om in die liefde van God te kan lewe.

Dink nou mooi wat dit alles beteken. Dit is nie waar dat dit net beteken dat daar 'n verval in die kerk intree nie.

- As jy ongehoorsaam is aan die gebooie van die Here, beteken dit dat gehoorsaamheid aan al tien die gebooie platval.
- Baie prakties beteken dit dat daar 'n wanverhouding tussen die Here en sulke mense kom – die eerste vier gebooie.
- Maar dit beteken ook dat daar 'n wanverhouding ten opsigte van die laaste ses gebooie kom.
  - Uiteraard moet gesagsverhoudings in gedrang kom – die sesde gebod.
  - Dit kan nie anders nie as dat moord en diefstal ook moet gebeur nie.
  - Sedelike verval is ook ingesluit, want verbreking van huwelike en sedeloosheid, sowel as veragting van die waarheid (valse getuienis), is alles dinge waarvoor dit hier gaan.

Die Here gee duidelike opdragte aan hierdie uitverkore kerk van Hom – en daarom ook aan ons:

- Bly by die waarheid.
- Pasop vir dwaalleraars en dwaalleer.
- Moenie jou seën oor hulle optrede uitspreek nie.

Die duiwel is besig om 'n gees in die wêreld rond te strooi wat leer dat almal almal moet verdra, ongeag wat hulle doen en wat hulle glo.

- In hierdie brief (vers 10 en 11) leer die Here dat jy mense met sulke valse leer (en alles wat daarmee saamgaan) nie in jou huis moet ontvang nie en selfs nie moet groet nie, anders het jy deel aan hulle werke.

Dit is tog duidelik dat die Here met die woord *huis* sy kerk bedoel. Dit is die blyplek van die uitverkore vrou aan wie die brief geskryf word.

- Moenie ongelowiges en mense met allerhande dwaalleer in die kerk opneem of huisves nie.
- Op die kerkraad rus 'n baie swaar plig wat geweldige onderskeidingsvermoë gaan vereis.
- U is die mense wat deur God geroep word om in tye soos waarin ons nou lewe, die kerk van die Here suiwer te hou.

Die opdrag van die Here betreffende die groet van sulke onheilige persone raak die groet soos dit in vers 3 staan.

- Die seën van die Here – genade, barmhartigheid en vrede – mag nie oor sulke mense uitgespreek word nie.
- Ons mag ons nooit vereenselwig met al die godsdienstvervlakking rondom ons nie, en ook nie met die mense wat dit doen nie.

Die oordeel van die Here word dadelik aangekondig oor mense wat nie by die ware evangelie bly nie:

- Wat hulle deur hulle arbeid verkry het, word verloor. Waar die duiwel toegelaat word om sy werk te doen, vernietig hy alles wat die gelowiges het.
- Hulle verloor die evangelie, en daarmee saam alles wat goed en reg was in hulle totale samelewing – soos wat ons dit sien gebeur.

*Daarteenoor is die volle loon wat ontvang word waar daar in die suiwer leer volhard word, die volmaakte verlossing in Jesus Christus.*

Wat moet ons doen? Ons moet ons geloof bely, en ons opnuut daartoe verbind om aan die Here gehoorsaam te wees.

- Dan sal ons die vrede van God ken – die vrede wat berus op die salige gemeenskap met God.
- Hierdie vrede van God sal eers oor ons kan kom nadat ons almal wat hier woon die God leer ken het wat ewige vrede gee.

Ons moet opreg bely as 'n gemeente dat ons weet en ervaar dat daar baie verkeerde dinge rondom ons gebeur wat vir die Here uiters aanstootlik is.

- Maar ons moet sorg dat ons nie deel daarvan uitmaak nie.
- Ons bely voor die Here dat ons in die ware geloof eerlik sal volhard: Ons is nie soos die kerkloses, kerklosses, doodmakers en verwaandes nie.
- Ons dien die Here dag en nag totdat Hy kom. Die Here sal ons vind waar ons Hom steeds getrou aanbid.

Miskien sal die Here ons spaar.

- Hy het vir Abraham gesê dat Hy Sodom en Gomorra sou spaar as daar tien regverdiges was.
- Miskien sal die Here ons land spaar ter wille van die ware gelowiges wat soos die uitverkore bruid van die Here oor die sondes heers.

Al gaan dit hoe sleg, kom ons kyk by al die bloed op die strate verby na die bloed van Jesus Christus aan die kruis.

- Ons is in Christus bekleed met hemelse heerlijkheid.
- Kom ons bly die suiwer kerk van Christus en ons bly biddend op ons knieë waar ons die Here bid om ons sondes te vergewe, al sou ons moet ly.
- Kom ons leef biddend totdat ons die volle loon van die Here Jesus ontvang.

**Amen.**

Slotgebed

Skrifberyming 7-1:2, 3 (31:2, 3)

- 2 Die kleed vol bloed vertel sy roem. / Die Naam waarmee sy volk Hom noem,  
is "Woord van God". 'n Skare / van ruiters volg Hom op die voet,  
hul nader soos 'n watervloed, / soos bruising van die bare.  
'n Hemelleër, skitterwit, / hul is dit wat in streng gelid / saam met Hom uitgetrek het.  
En uit sy mond het uitgegaan / 'n swaard waarmee Hy nasies slaan / wat, trots sy toorn gewek het.
- 3 Hy sal nou met 'n ysterstaf / sy vonnis oor hul, streng en straf, / met oordeelsdaad bekragtig.  
Hy trap die parskuip met sy voet, / en bring oor hul in volle gloed / die toorn van God almagtig.  
En op sy kleed met bloed gevef, / en op sy heup wat heil verwerf, / staan daar 'n Naam der ere:  
dié oorlog het die pleit beslis / dat Hy die "Hoogste Koning" is, / die "Heer van alle here"!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 12 Junie 2005  
Hulpdienspredikant Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 17 Februarie 2013